Overstrand Personeelblad/Staff Newsletter

Phambili!

Vorentoe/Forward

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality OVERSTRAND

Uitgawe 4

SEPTEMBER | OKTOBER 2018

SPREI DIE "GROEN KOMBERS" OOP

Boomplantmaand is deur Overstranders benut om ons kosbare omgewing te help beskerm en te verfraai

Nasionale Boomplantmaand word jaarliks gedurende September gevier. Dit is 'n nasionale veldtog wat daarop gemik is om bewustheid van inheemse bome te skep sowel as die belangrike rol wat hulle in ons stedelike en landelike omgewing vervul.

Elke jaar kies die departement van landbou, bosbou en visserye (DAFF) twee inheemse bome - een alledaagse en een skaars een. Vanjaar is die witgatboom (*Boscia albitrunca*) en 'n subspesie van die geelhout bekend as die Breederivier-geelhout (*Pedocarpus elongatus*) gekies.

Kleinmond

Sowat 120 boompies is goedgunstiglik deur die DAFF geskenk ter ondersteuning van vanjaar se tema "Bome en Volhoubare Stede" en soos duidelik uit die foto's hieronder blyk, was almal meer as bereid om moue op te rol om seker te maak dat die "groen kombers" vanaf Baardskeerdersbos tot in Kleinmond en selfs verder oopgesprei word.

Op 3 September het Boomplantweek in volle swang gekom met die plant van 54 bome in **Mountain View, Kleinmond**. *Plaaslike inwoner Cornette Hull (tweede van links in die groen T-hemp) het verstom toegekyk hoe James Johannes (middel voor) en sy bedrewe UOWP-span vir haar 'n inheemse boompie plant. Lauren Rainbird, Overstrand se tuinboukundige (heel links)*, was ook daar om 'n bietjie raad te gee.

Gegewe die feit dat die grond in die omstreke van die **Gansbaai-area**, en in die besonder Baardskeerdersbos, nie juis geskik is vir vanjaar se gunsteling inheemse bome nie, het hierdie administrasie 'n bietjie navorsing van hul eie gedoen en met 'n paar goeie alternatiewe vorendag gekom.

Gansbaai-area

*In **Baardskeerdersbos**, het Gansbaai se areabestuurder Francois Myburgh (derde van links) en sy mede-boomplanters met erns daarvan werkgemaak om die geharde inheemse waterpere (Syzygium guineense) langs die dorp se hoofstraat te vervang en aan te vul. By hom is kollegas van die parke-afdeling Charles Stevens, Delano Booysen, Kennith Marthinus, Riaan le Roux, 'n BBHEV-verteenwoordiger, ODM-raadslid Stephen Fourie, Jacobus Engel en parkhoof Paul de Villiers.*

Elders in die omstreke het omgewingsbeampte Benjamin Kondokter - met die ondersteuning van Masakhane Primêr se DEEP BLUE-ambassadeurs - olienhoutbome (*Olea europaea subspesie africana*) en essenhoutbome (*Ekebergia capensis*) op die gronde van die Gansbaai Academia geplant. Dit is egter die geelhoutboom wat by **Pearly Beach** se bewarea en herbarium geplant is wat hul harte sommer baie warm laat klop.

Benjamin Kondokter

"Kom ons maak seker hulle leef vir altyd." Benjamin Kondokter doen sy ding om die ideale groeitoestande vir nog 'n boompie te skep.

In **Hermanus** het die parke-afdeling besluit om hul bes te doen om die ongetemde aanwas van uitheemse indringerplante in die laagliggende deel van die Hermanus-biodiversiteit-staproete hok te slaan sowel as om die rivieroewer in die **Hemel-en-Aarde-vallei** te herbebos. Hulle het ook bome in die begraafplaas geplant.

Hermanus

Louise Visagie (links voor), Daniel Bala, Litha Mqini en Kevin van Wyk het handjie bygesit om melkhoutbome (Sideroxylon inerme), Taaibos (Searsia crenata) en en kusvaalbosse (Brachylaena discolor) te plant.

Hermanus

Thandikhaya Bango en David Situlo het glad nie omgegee om "karweider" te speel nie, soos duidelik uit die breë glimlagte hierbo blyk.

MAAK 'N AANTEKENING VAN DIE WELSTANDSDAE IN OKTOBER

Vroeg in Oktober gaan Overstrand se werknemers weer eens die geleentheid gegun word om hul algemene welstand gratis te laat evalueer.

Dit beteken jy kan jou bloeddruk laat meet, jou kolesterol- en bloedsuikervlak laat toets sowel as jou gewig en die omtrek van middel laat meet. KANSA het aangedui dat hulle ook daar gaan wees om vir borskanker te toets.

Die datums, plekke en tye is as volg:

Woensdag, 10 Oktober: Kleinmond-stadsaal: 09:00 - 13:00
Donderdag, 11 Oktober: Gansbaai-inligtingsentrum: 09:00 - 13:00
Vrydag, 12 Oktober: Hermanus-banketsaal: 09:00 - 14:00

Maak asseblief seker dat jy bywoning met jou bestuurder uitklaar.

KYK SO 'N ASPIRANT-KAMPIOEN!

Moenie dink jy kan vir Tayden Hoffman in 'n hoekie dryf nie. Tayden, die agtjarige seun van Tyrol Mackensie wat aan die brandweer verbonde is, is gekies om aan die Suid-Afrikaanse Junior Skaakkampioenskap deel te neem wat vanaf 16-24 Desember 2018 in Boksburg aan die Oosrand gaan plaasvind. En wat 'n wonderlike Kersgeskenk sal dit nie wees as hierdie graad 2-leerder aan Kleinmond Laer nog 'n medalje tot sy allemintige versameling kan voeg nie. Ons hou duim vas jongie!

EN DAAR TREK SY OP PAD NA DIE NASIONALE SPELWEDSTRYD!

Kelsey Montagu is die Overbergstreek se jongste prima uitvoerproduk. Hierdie 12-jarige dogter van Shereen Montagu wat vir gemeenskapsdienste in Stanford werk, het die Spelwedstryd (in Engels Spelling Bee) in die Overbergstreek gewen en sodoende vir die provinsiale eindrondte gekwalifiseer wat op Saterdag 1 September in Kaapstad gehou is.

Daar het Kelsey teen leerders van 30 skole van oral in die Wes-Kaap meegeding. Sy het die algehele derde plek behaal en sodoende vir die nasionale span gekwalifiseer. Kelsey gaan een van drie meisies wees wat die Wes-Kaap vanaf 4-7 Oktober 2018 in Pretoria teen die drie topspellers van die ander agt provinsies gaan verteenwoordig.

Wat haar prestasie selfs meer merkwaardig maak, is die feit dat sy die eerste Engelse leerder vanuit die Overbergstreek is wat tot op hede vir nasionale kompetisie kon kwalifiseer.

Welgedaan, jongie! Ons hou almal duim vas en is seker dat jy ons naam hoog gaan hou.

'n Harige affêre...

Baie dankie aan Anthea Etalla wat voorgestel het dat Phambili 'n hoekie inrig waar personeellede staaltjies oor hul troetel-diere kan deel.

Anthea is 'n senior klerk in die Hermanusadministrasie se invorderingsafdeling. Sy het hierdie skatlike foto van hul geliefde seun Bruce - vernoem na Bruce Wayne van Batman-faam nogal - met ons gedeel.

Stuur foto's van jou diere aan rsteenekamp@overstrand.gov.za en ons sal ons bes doen om 'n plekkie vir soveel as moontlik in te ruim.

Heel gepas het Ronell Salies, Hawston se Thusong-koördineerder, en Llowellin Floors besluit om die lente te verwelkom deur op die 1ste September in die huwelik te tree, en dit boonop in Fernkloof! Ons bede is dat hierdie pragtige paartjie nog sommer baie seisoene saam gaan deurleef.

AITSA! Baie geluk aan Carlouw Engelbrecht (kommunikasie- en inligtings-tegnologie) wie se jongste Mika as primaria van haar Matie-koshuis, Serruria, verkies is.

Hartlik welkom aan die nuwelinge en kollegas wat permanent by ons aangesluit het. Agter staan Jan Nortjé (algemene assistent - parke: Gansbaai), Wessel Swartz (algemene assistent - riolering, Kleinmond), Zalisamadinga Kondlo (algemene assistent - parke: Kleinmond). In die middel is Ruben Abrams (IKT-kadet/ondersteuningsbeampte), Kim Brikkels (hoof-klerk - brandweerdienste: Hermanus), Zimasa Mayekiso (administrateur - VKB: Hermanus) en Ingrid Hanekom (senior klerk - vlootbestuur: Hermanus). Voor sit Aiden Johannes (assistent-sleephellingbeheerbeampte: Kleinmond).

Overstrand Naaswenner

By die jaarlikse kongres van die Instituut van Omgewing- en Ontspanningsbestuur (IERM) wat in September deur die eThekwini-munisipaliteit in Durban aangebied is, is 'n sertifikaat van erkenning vir deelname aan 2018 se Boomplantweek kompetisie namens MunisipaliteitOverstrand deur ons tuinbouk-undige Lauren Rainbird ontvang.

Die Steve Tshwete-munisipaliteit (wat hier deur Daleen Lambrechts verteenwoordig word) is met die gesogte prys in die kategorie "plaas-like owerhede" bekroon".

Lauren sê sy het die IERM se kongres uiters insiggewend gevind. Sy het dit veral geniet om kers op te steek by mede-omgewingskundiges oor kwessies soos hoe om oop ruimtes tot voordeel van kinder/jeugontwikkeling in landelike gebiede te integreer en hoe om 'n "groen" kultuur in te burger by diegene wat by laekoste-behuisingsgeleenthede baat.

PETRONELLA GROET NA 20 JAAR

Ná bykans 20 jaar het Petronella Ferreira afgetree en sien nou daarna uit om meer tyd by die huis en saam met die kleinkinders deur te bring. Sy mag dalk selfs 'n paar kaste regpak, spot sy.

Petronella se kollegas het haar op haar verjaardag vir ete geneem, en 'n gesellige afskeidsbraai is op haar laaste dag, 31 Julie, gehou. Stanford se toerismekantoor het ook spesiaal 'n geselligheid gereël waar inwoners en vriende van haar afskeid kon neem.

Kollega Johan van Taak beskryf Petronella as 'n vriendin duisend en 'n mense-mens wat altyd bereid is om te help.

"Ek het Desember 1998 by Stanfordmunisipaliteit begin werk," vertel Petronella. "Hermie Lategan was die Burgemeester en Jacques Carstens die stadsklerk. Ek was die stadsklerk, stadsekretaris en hoof van gemeenskapdienste se sekretaresse, die ontvangsdame en die skakelbordoperatrise. Ons het hard gewerk, maar dit was lekker. Daar was altyd tyd vir 'n grappie ook.

"O ja, ek was ook die argivaris! Ek het 'n nuwe liasseerstelsel vir Stanfordmunisipaliteit opgestel, laat goedkeur en geïmplementeer. En net daarna kom die samesmelting en word ek getaak om die liasseerstelsel vir die nuutgevormde plaaslike owerheid op te stel. Lekker wyd en syd gereis saam met ons stadsekretaris om met ander "nuwe" munisipaliteite oor beste praktyk vir die nuwe bedeling se liasseerstelsels te konsulteer.

"Later word twee van my base oorgeplaas "hoofkantoor" toe en kiepie word in beheer geplaas van die Stanfordkantoor met die belofte: 'Moenie bekommerd wees nie, hulp is net 'n telefoonoproep ver!' En nou is dit sestien jaar en baie plooie en grys hare, en wysheid, later.

"Ek gaan my Overstrand-familie baie mis. Male sonder tal moes ek by my kollegas aanklop om hulp en nooit het ek 'n afjak of 'n 'nee' gekry nie. Ek kan boeke skryf…

"Maar dis tyd vir nuwe bloed, nuwe ywer en nuwe idees."

Ons wens Petronella alles van die beste toe en hoop dat sy darem so tussen die kaste regpak deur dan en wan 'n kansie sal kry om te kom oë wys. - red.

VOORWAAR ALDAGSE HELDE!

Almal van Lara Croft tot Spiderman, 'n brandbestryder tot 'n dokter, 'n sokkerheld tot 'n struikrower het in hul volle regalia opgedaag om Loslitdag op 7 September te vier. Baie, baie dankie vir jul ondersteuning en goeie gees! Met dié dat sowat 510 Loslitdagplakkers verkoop is, kon Overstrand weer eens daarin slaag om net meer as vyfduisend rand aan die Camphill-skool te skenk. Dié fondse sal aangewend word om volwassenes met gestremdhede te ondersteun.

Overstrand se werknemers het ooglopend vanjaar se tema, naamlik om 'n aldagse held vir mense met gestremdhede te wees, ter harte geneem en met 'n paar vindingryke ensembles vorendag gekom.

Dedré Pedro (links) en Adenel Bayley was van kop tot tone as motorwedrenheldinne uitgedos.

Ons laat dit maar aan julle oor om te raai wie die inkomstekantoor se helde is: Agter (van links na regs) is Carmen Nel, Byron May en Sonja Africa met Clinton van der Byl en Romeo Stevens wat voor hurk.

Niemand kan stry dat die lede van die rampbestuurspan almal se helde is nie. Opgetof in volle uniform het Hermanus se Withuisspan dit terdeë geniet om 'n bietjie pret op dié dag te hê.

Met hier en daar 'n superheld wat oor die skouer van 'n aldagse een loer, het Gansbaai Administrasie dit duidelik ook geniet om met 'n paar unieke kostuums vorendag te kom.

En dan was daar die onverskrokke dames van eiendomsadministrasie wat nie doekies omgedraai het oor wie hul aldagse helde is nie. Hier spog Madelein Erasmus (links), Nicolene Liebenberg en Willmary Murtz met hul uitrustings.

Charlene Pieters van stadsbeplanning meen die vergestalting van ware helde is daardie mediese praktisyns op wie ons ons altyd kan verlaat wanneer ons in nood verkeer.

Deur veelseggend te knipoog, wil Gansbaai se bibliotekaresses Ronette Dreyer (links), Busisiwe Mtatase en Edna van der Linde te kenne gegee dat ook hulle helde in die aldagse lewens van mense met gestremdhede is.

Gerrit Coetzee, John Simson en Sherwin Rossouw deel vir oulaas 'n grappie. John Simson, bestuurder: boudienste, tree na 29 jaar en 11 maande af. Ons gaan hom geweldig mis.

John Simson lê die tuig neer

Wanneer hy terugkyk op die paadjie wat hy saam met Overstrand gestap het, onthou John hoe "vaal" die munisipale kantore was toe hy sowat 30 jaar gelede vir sy eerste pos as tegniese assistent gaan aansoek doen het. "Bykans alles, van die vloer tot die plafon, was bruin en vreeslik beknop. Heeltemal die teenoorgestelde van wat ons vandag geniet."

Destyds is daar op sy knoppie gedruk om bykans alles te doen wat tipies met infrastruktuurontwikkeling geassosieer word: Hy moes • die munisipale werf met behulp van 'n teodoliet opmeet • 'n stormwaterpyplyn vanaf Mount Pleasant na die see oor die vliegveld aanlê • 'n nuwe toetssentrum vir motorvoertuie ontwerp en bou en •planne vir sowat 20 kapitaalprojekte per jaar optrek.

Dit alles moes in die oggend vermag word, want smiddae het hy as bou-inspekteur ingestaan en saans moes hy vergaderings van die Erfeniskomitee bywoon. In sy "aftydjie" het hy twee kinders help grootmaak en fondse vir die Montessori-skool gewerf. "Daai dae was slaap nou nie juis hoog op die agenda nie," gee John grappenderwys toe.

Sy dae het selfs meer veeleisend geword toe hy as assistent vir die stadsingenieur, op daardie tydstip Thys van Rooyen, aangestel is wat ook die adjunk-stadsklerk was. Thys was besig met sy studies om stadsklerk te word en John wou sy BCom afhandel. Toe besluit die twee van hulle om "studiemaatjies " te word. Die ooreenkoms was dat hulle mekaar 'n paar aande per week by die munisipale kantore sou ontmoet sodat hulle die "stil tydjie" tussen 8 nm. en 10 nm. kan gebruik om te swot.

"En dit het gewerk," sê John. "Thys het stadsklerk geword en ek het my BCom gekry, en ook maar goed want sedert ons as Groter Hermanus bekend staan, moes ek help met die opstel van begrotings vir kapitaalprojekte wat met stormwater, paaie en riolering te make het."

Met die totstandkoming van Overstrand het John bestuurder: boudienste geword.

"Oor die jare heen het ek onder sewe rade - ingeslote die oorgangsrade - gedien en voorwaar heelwat interessante tye beleef. Dit ten spyt, ek het die uitdagings wat met 'n snelgroeiende munisipaliteit gepaardgaan, terdeë geniet en ek het net lof vir die ondersteuning wat ek van my onmiddellike kollegas en Overstrand se personeel oor die algemeen gekry het.

"Ons het 'n wonderlike paadjie saam gestap en dit was vir my waarlik 'n eer en 'n plesier om saam met sulke toegewyde mense te dien. Gegewe jul fantastiese gees van samewerking is ek seker dat Overstrand vir baie jare nog die pas vir ander plaaslike owerhede gaan aangee."

SNOESIG EN KNUS

Te danke aan 'n inisiatief van Doret Taljaart, Burgemeester Dudley Coetzee se persoonlike assistent, is wetstoepassingsbeamptes Rodwin Telling, Nelson Kanunu en Tony Blankenberg onlangs oorval met soentjies en drukkies toe hulle die kombersies en musies help uitdeel het wat so sorgsaam deur Overstrand-inwoners ter nagedagtenis aan Madiba gebrei is. Burgemeester het die dames van die administrasie bedank vir hul bydraes.

Ontmoet 'n paar nuwe toevoegings tot Overstrand se uitgebreide familie

Karli, gebore op 21 Mei 2018, het by geboorte 3,7 kg geweeg en 52 cm gemeet. Sy is Marissa Radyn, wat vir die elektrisiteitsafdeling in Gansbaai werk, se tweede dogtertjie.

Wat Karli nie weet nie, is dat sy 'n "tweelingboetie" het. Ook op die 21ste Mei het Janet, stadsbeplanner Petrus Roux se wederhelf, geboorte aan hul seun Elijah geskenk.

Benjamin Kondokter, wat vir omgewingsdienste in Gansbaai werk, het op 2 Augustus 2018 die trotse vader geword van 'n seuntjie genaamd Eden. Eden het by geboorte 4,5 kg geweeg en is terloops ook die kleinseun van Ben Kondokter. Alhoewel hy nou afgetree is, het Ben vir baie jare by die Vaste-afvalafdeling gewerk.

Op 17 Julie 2018 het Aiden en Sharelene Johannes se Zahra-Leigh die eerste lewenslig aanskou. Sy het 3,4 kg geweeg. Aiden werk by die sleephelling op Kleinmond.

Na wat ons verneem, was die ooievaar heel bedrywig oor die afgelope paar maande. Hartlik geluk aan al die nuwe mammas en pappas! Onthou tog om 'n paar foto's aan te stuur sodat ons in jul vreugde kan deel - red.

Langdienspersoneel is tydens 'n Raadsvergadering wat op Woensdag 26 September gehou is met sertifikate vir hulle toewyding en harde werk vereer

Vier kollegas het reeds 25 jaar se voortreflike diens aan die munisipaliteit gelewer en een 30 jaar. Hier is die Hermanus-administrasie (l-r): Munisipale bestuurder Coenie Groenewald, Ntombi Mtholo (10 jaar), Thembinkosi Dodana (25 jaar), Carlton Joorst (10 jaar), Burgemeester Dudley Coetzee, Sonja Immelman ((10 jaar), Elsabé Stadler (10 jaar), Rdl Andrew Komani, Hanré Blignaut (10 jaar), Nadine Lubeni (20 jaar), Edward Fisher (10 jaar) en Zingani Tshefu (10 jaar),Voor is Lukas Kaptein (25 jaar), Martin Plaatjies (25 jaar), Francina Philander (25 jaar) en Zllian Davids (10 jaar) met hul sertifikate.

Aron Gcotyelwa, behuisingsbeampte by die Gansbaai-administrasie en 'n man met 15 jaar se diens onder sy belt.